

2 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 3:1-21
Fokusgedeelte: Eksodus 3:7, 8

Gesien, gehoor, ter harte geneem, afgekom – bevry!

Ons God weet waar ons is en Hy weet wat ons deurmaak. Hy hoor ons as ons tot Hom roep en Hy gee uitkoms op sy tyd. Dit sien ons baie duidelik uit hierdie geskiedenis, maar ons sien ook meer as dit.

Wanneer God vir Moses sê: “Ek het die ellende van my volk gesien, Ek het hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry ...” – dan kan ’n mens nie anders as om die evangelie van Jesus Christus te hoor nie! Eeue later sou God ons ook in ons sonde en ellende raaksien, sou Hy ons noodkrete oor die slawerny van die sonde hoor, sou Hy dit ook ter harte neem en sou Jesus Christus afkom, mens word en ons vir ewig bevry!

Daarom kan ek vandag soos ’n verlose mens leef wat weet: My God hoor en sien nie net nie, Hy neem ook ter harte en Hy het my klaar bevry!

Sing: Skrifberyming 8:2

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)